Vrydag **3 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 8 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 8:5-7 (AFR2020)**

**Verwondering oor God dring ons om Hom te wil verheerlik in die manier waarop ons met sy skepping omgaan**

Psalm 8 is ’n psalm van verwondering. In die psalm word ons opgeroep om God se mag en heerlikheid in al sy skeppingswerk te betrag. Sy heerlikheid is nie net in die hemelruim en hemelliggame sigbaar nie, maar selfs die geboorte van babatjies en die grootword van kinders getuig van ’n God wat wonderbaarlik skep en onderhou.

Dieselfde verwondering is te vind in die besef dat die allerheerlikste God die mens net minder as ’n hemelwese gemaak het (vs 6) en hom laat heers oor sy handewerk. Hiermee word die skeppingsdoel en -opdrag aan die mens in herinnering geroep (vgl. Gen. 1:26-27).

Weens die sondeval het die mens egter ontrou aan sy HERE geword en in sy selfsug en selfgerigtheid die aarde al hoe meer begin vernietig. Dit is ook logies, want dit is vir ’n sondige mens onmoontlik om beeld en verteenwoordiger van die heilige God te wees …

Sien die besondere manier raak waarop Psalm 8 begin. Die psalm begin met aanroeping van die Naam van die HERE. Elke mens wat die psalm in opregtheid sing, is besig om tot God te bid.

Die HERE word aangeroep as “ons Heer”. Dit is ’n erkenning van sy koningskap. Hierdie onderwerping en erkenning kan ons alleen deur Jesus Christus maak. Daar kom ’n tyd wanneer ons nie meer net minder as ’n hemelwese sal wees nie (vgl. Heb. 2:7), maar nou reeds is elkeen wat in Hom glo, se posisie voor God al herstel en in Hom is elke gelowige meer as net sy beeld en verteenwoordiger, ons is sy kinders.

Laat ons in ons verwondering in ons God ons nou opnuut inspan om waarlik sy skepping te bewaar en op te bou, nie net as sy herstelde beeld en verteenwoordigers nie, maar veral as sy kinders wat Hom wil verheerlik.

*Sing: Psalm 8-1:1, 2, 3, 4*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*